Republiek van Namibië

Ministerie van Binnelandse Sake, Immigrasie, Veiligheid en Sekuriteit

KLIËNTEDIENS HANDVES

2024

NAMIBIAN PUBLIC SERVICE CHARTHER

We are here for you!

Inhoudsopgawe

ERKENNING 12
HOËVLAK STELLINGS 14
HIERDIE HANDVES 15

A) BINNELANDSE SAKE EN IMMIGRASIE 16

1. WAT ONS DOEN 16
KANTOOR VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR 16
DEPARTEMENT: BURGERLIKE REGISTRASIE 17
DEPARTEMENT: IMMIGRASIE BEHEER EN BURGERSKAP 17
DEPARTEMENT: ADMINISTRASIE EN VLUGTELING BEHEER 17
2. ONS KLIËNTE 17
3. ONS ONDERNEMING AAN U 18
4. ONS DIENS BELOFTE/STANDAARDE 18
4.1. KANTOOR VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR 18
Afdeling: Regs Ondersteunings Dienste 19
Afdeling: Interne Oudit 19
Afdeling: Sekuriteit en Risiko Bestuurs Dienste 19
4.2. DEPARTEMENT: BURGERLIKE REGISTRASIE 20
Direktoraat: Nasionale Burgerlike Registrasie 20
Direktoraat: Nasionale Bevolkingsregister, Identifisering en Vervaardiging 21
4.3. DEPARTEMENT: IMMIGRASIE BEHEER EN BURGERSKAP 22
Direktoraat: Immigrasie en Grens beheer 22
Direktoraat: Visums, Permitte, Paspoorte en Burgerskap 23
4.4. DEPARTEMENT: ADMINISTRASIE EN VLUGTELING BESTUUR 24
Direktoraat: Menslike Hulpbronne en Ondersteunings Dienste 24
Afdeling: Menslike Hulpbronne. 24
Afdeling: Inligtings tegnologie 25
Direktoraat: Finansies en Algemene Dienste 26

Afdeling: Finansies 26

Afdeling: Algemene Dienste 27

Afdeling: Openbare Betrekkinge 28

Direktoraat: Vlugteling Bestuur 28

B) NAMIBIESE POLISIE MAG 30

1. WAT ONS DOEN 30

KANTOOR VAN DIE INSPEKTEUR-GENERAAL VAN POLISIE (IGP) 30

KANTOOR VAN DIE ADJUNK INSPEKTEUR-GENERAAL: OPERASIONELE DIENSTE (DIG OPS) 31

KANTOOR VAN DIE ADJUNK INSPEKTEUR-GENERAAL: ADMINISTRASIE (DIG ADMIN) 31

2. ONS KLIËNTE 30

3. ONS ONDERNEMING AAN U 32

4. ONS DIENSBELOFTE/STANDAARDE 33

4.1. KANTOOR VAN DIE INSPEKTEUR-GENERAAL VAN POLISIE 33

Kantoor van die Hoof Personeel Beampte 33

Direktoraat: Polisie Intelligensie 34

Direktoraat: Regs dienste 34

Afdeling: Openbare Betrekkinge 35

Afdeling: Interpol-NCB Windhoek 36

4.2. KANTOOR VAN DIE DIG-OPS 36

Direktoraat: Misdaad Voorkoming 36

Direktoraat: Kriminele Ondersoek 37

Direktoraat: Namibiese Polisie Instituut vir Forensiese Wetenskaplike Ondersoeke 39

Direktoraat: Lug Ondersteunings Dienste 39

Direktoraat: Grens en Infrastruktuur Beskerming 40

Direktoraat: Beskerming van Baie Belangrike Persone 40

Direktoraat: Polisie Gedrag en Ondersoeke 41

Direktoraat: Inligting en Kommunikasie Tegnologie 42
Direktoraat: Verkeers Wetstoepassing 41
Afdeling: Plofstofbeheer 43
Afdeling: Spesiale Reserwe Mag (Taakmag) 44
Polisie Stasies 45
4.3. KANTOOR VAN DIE DIG-ADMIN 46
Direktoraat: Menslike Hulpbronne 46
Direktoraat: Finansies 47
Direktoraat: Beleidsbeplanning en Ontwikkeling 48
Direktoraat: Aankope en Logistiek 49
Direktoraat: Opleiding en Ontwikkeling 50
Direktoraat: Geslag en Welsyn 51
Kantoor van die Senior Personeel Beampte: Administrasie 52

C) NAMIBIESE KORREKTIEWE DIENS 53

1. WAT ONS DOEN 53
KANTOOR VAN DIE KOMMISSARIS-GENERAAL 53
SUB-DEPARTEMENT: KORREKTIEWE OPERASIONELE DIENSTE 54
SUB-DEPARTEMENT: KORPORATIEWE BESTUUR 54
SUB-DEPARTEMENT: REHABILITASIE EN HERINTEGRASIE 54
2. ONS KLIËNTE 54
3. ONS ONDERNEMING AAN U 55
4. ONS DIENS BELOFTE/STANDAARDE 55
4.1. KANTOOR VAN DIE KOMMISSARIS-GENERAAL 55
Direktoraat: Sentrale Personeel 55
Direktoraat: Nasionale Vrystellings Raad 56
Direktoraat: Regs dienste en Dissipline 56
Direktoraat: Prestasie Versekering, Obserwasie en Evaluering 57

4.2. SUB-DEPARTEMENT: KORREKTIEWE OPERASIONELE DIENSTE 58

Direktoraat: Sekuriteit 58

STREEKS BEVELVOERDERS: KONTAK BESONDERHEDE 58

KORREKTIEWE FASILITEITE: KONTAK BESONDERHEDE 59

Direktoraat: Gesondheidsorg 60

Direktoraat: Voedsel Produksie 61

Direktoraat: Korrektiewe Nywerhede en Groot Projekte 61

Direktoraat: Inligting kommunikasie Tegnologie 62

4.3. SUB-DEPARTEMENT: KORPORATIEWE BESTUUR 62

Direktoraat: Menslike Hulpbronne 62

Direktoraat: Menslike Hulpbronne Ontwikkeling en Opleiding 63

Direktoraat: Finansies 64

Direktoraat: Logistiek en Administrasie 65

4.4. SUB-DEPARTEMENT: REHABILITASIE EN HERINTEGRASIE 66

Direktoraat: Rehabilitasie 66

Direktoraat: Herintegrasie 67

WANNEER U ONS KONTAK 68

JOU SIENINGS TEL 69

WAT ONS VAN U VERLANG 69

TERUGVOER, KOMMENTAAR EN KLAGTES 70

BINNELANDSE SAKE EN IMMIGRASIE 70

NAMIBIESE POLISIE MAG 70

NAMIBIESE KORREKTIEWE DIENS 71

AFKORTINGS

AFRIPOL	Afrika Unie-Meganisme vir Polisie Samewerking
AU	Afrika Unie
AUPE	Volwasse Hoër Primêre Onderwys
DIG-Admin	Adjunkinspekteur-Generaal vir Administrasie
DIG-Ops	Adjunkinspekteur-Generaal vir Operasies
DSA	Daaglikse Reis en Verblyftoelae
ED	Uitvoerende Direkteur
GIPF	Pensioenfonds vir Staatsinstellings
GNR	Regerings Kennisgewing Regulasies
HAI	Binnelandse Sake en Immigrasie
HPCNA	Raad vir Gesondheidsberoepe in Namibië
TNA	Opleidings Behoefte Bepalings
ICAO	Internasionale Burger Lugvaart Organisasie
IKT	Inligtings Kommunikasie Tegnologie
IGP	Inspekteur-Generaal van die Polisie
ID	Identiteits Dokument
IDS	Identiteits Stelsel
INTERPOL	Internasionale Kriminele Polisie Organisasie
IT	Inligtings Tegnologie
LA	Plaaslike Owerheid
MHAISS	Ministerie van Binnelandse Sake, Immigrasie, Veiligheid en Sekuriteit
MoU	Memorandum van Verstandhouding
NamPol	Namibiese Polisie Mag
NCB	Nasionale Sentrale Buro

NKD	Namibiese Korrektiewe Diens
NGOs	Nie-Regerings Organisasies
OMAs	Kantore/Ministeries/Agentskappe
PC	Aankope Komitee
PMS	Prestasie Bestuurstelsel
RC	Streeksraad
RSD	Bepaling van Vlugtelingstatus
SADC	Suiderlike-Afrikaanse Ontwikkelings Gemeenskap
SARPCCO	Suiderlike-Afrikaanse Streeks Polisiehoofde Samewerkings Organisasie
SOEs	Ondernemings in Staatsbesit
SWA	Suidwes-Afrika
TNA	Opleidings Behoefte Ontleding
UN	Verenigde Nasies
VIP	Baie Belangrike Persoon
VIPP	Baie Belangrike Persoon Beskerming
WIL	Werksgeïntegreerde Opleiding

VOORWOORD DEUR DIE AGBARE MINISTER

In die gees van deursigtigheid, uitnemendheid en toewyding aan die mense wat ons dien, is ons trots om hierdie Kliëntediens handves van die Ministerie van Binnelandse Sake, Immigrasie, Veiligheid en Sekuriteit bekend te stel.

Die doelwit vir enige suksesvolle organisasie, veral een wat in die behoeftes van sy mense voorsien, is die gehalte diens wat dit lewer. Diens aan ons burgers en inwoners gaan nie net oor doeltreffendheid nie, dit gaan oor die uitlewing van ons sorg, meegevoel en begrip vir die verwagtinge en bekommernisse van diegene wat ons dien.

Hierdie Handves is ’n tasbare voorstelling van hierdie onderneming. Ons mandaat, “Om interne veiligheid te verseker deur die bestuur van interne aangeleenthede, die beskerming en ondersteuning van migrante, handhawing van wet en orde, voorsiening van veilige en menslike aanhouding, rehabilitasie en herintegrasie van oortreders”, is breedvoerig. Tog wentel die kern om die mense wat ons dien – hetsy ons burgers, besoekers, migrante wat ’n beter lewe begeer, of individue in ons bewaring wat wil rehabiliteer. Ons plig is nie net om die wet af te dwing nie, maar ook om te dien en te beskerm.

Ons visie om Namibië een van die veiligste lande ter wêreld te maak, is fundamenteel gekoppel aan die vlak van diens wat ons lewer. Veiligheid en sekuriteit is nie net bewyse van doeltreffende polisiëring of grensbeheer nie, maar is ook diep gewortel in die vertroue en geloofwaardigheid wat die publiek het in ons vermoë om hulle ywerig, regverdig en stiptelik te dien.

Die Kliëntediens handves is dus meer as net 'n dokument. Dit is 'n ooreenkoms tussen die Ministerie en die mense van Namibië. Dit stel duidelike verwagtinge ten opsigte van die dienste wat ons bied, die standaarde wat ons beoog om te handhaaf, en die meganisme wat in plek is vir terugvoering en voortdurende verbetering. Met hierdie Handves hoop ons om ons belofte te versterk om toeganklik, innoverend en altyd verbind tot die welsyn van ons nasie te wees.
In ons reis na die bou van 'n veiliger Namibië, is die stemme en terugvoering van die publiek van onskatbare waarde. Hierdie Handves is nie die einde nie, maar die begin van 'n meer betrokke, samewerkende en diensgerigte benadering tot ons pligte.

In hierdie lig moedig ek almal aan om vertroud te raak met ons Handves en om onsself aanspreeklik te hou in ooreenstemming met die hoë standaarde wat ons vir onsself gestel het. Kom ons werk saam om 'n nasie te bou wat gegrond is op die pilare van deursigtigheid, eerlikheid, vertroue, sekuriteit en voortbeeldige diens.

MINISTRY OF HOME AFFAIRS, IMMIGRATION, SAFETY AND SECURITY
P/BAG 13200
20 NOV 2023
Office of the MINISTER
REPUBLIC OF NAMIBIA

.....

Dr Albert Kawana

Minister van Binnelandse Sake, Immigrasie, Veiligheid en Sekuriteit

VOORWOORD DEUR DIE UITVOERENDE DIREKTEUR

Die bekendstelling van ons Kliëntediens handves is die begin van 'n nuwe hoofstuk, gekenmerk deur die beduidende stap in ons voortdurende pogings om die nasie op te hef en te beskerm. Hierdie dokument is nie net 'n verklaring van voorneme nie; dit is 'n weerspieëling van ons diepste verbintenisse en aspirasies.

Ons missie, "Om interne veiligheid te verbeter deur die administrasie van 'n nasionale bevolkingsregister, fasilitering van migrasie, doeltreffende polisiëring en korrektiewe dienste", verteenwoordig ons voorneme. Hierdie missie vereis 'n ineengeweefde kombinasie van toewyding, samewerking en 'n onwrikbare fokus op die groter prentjie; om Namibië onder die wêreld se veiligste nasies te plaas, is nie 'n blote doelwit nie – dit is ons vurige belofte. Veiligheid gaan nie net oor waaksaamheid en beskerming nie; dit omsluit 'n omgewing waar elke individu 'n gevoel van behoud, vertroue en versekering het. Terwyl hierdie Handves ons beloftes saamvat, is dit ook 'n uitnodiging vir terugvoering, samewerking en groei. Dit is 'n teken van ons toewyding, maar dit sal ontwikkel, gevorm deur ons ervarings en u onskatbare insigte.

Ek doen ’n ernstige beroep op elke Namibiër en vriende van Namibië om vertroud te raak met hierdie Handves. Dit dien as ’n band tussen ons, ’n diensverskaffer, en u, die hoeksteen van ons bestaan. Kom ons bou saam aan ’n Namibië wat nie net erken word vir sy veiligheid nie, maar ook vir sy onwrikbare toewyding aan sy mense.

.....

Etienne Maritz

Uitvoerende Direkteur

EXECUTIVE DIRECTOR
2023 -11- 20
Ministry of Home Affairs, Immigration, Safety & Security

ERKENNING

Die daarstelling en verwesenliking van die Kliëntediens handves verteenwoordig 'n samesmelting van ontelbare ure se toewyding, insig en samewerking wat spruit uit 'n uiteenlopende poel van belanghebbendes, kundiges, en, bowenal, die insette van ons gewaardeerde kliënte. Die kern van hierdie Handves lê in ons duidelike en oortuigende missie: "Om interne veiligheid te verbeter deur die bestuur van die nasionale bevolkingsregister, die fasilitering van migrasie, doeltreffende polisiëring en korrektiewe dienste". Dit bevestig nie net ons toewyding tot die veiligheid en welstand van elke individu binne ons grense nie, maar ook die ingewikkelde prosesse en samewerking wat'n veilige omgewing fasiliteer.

Ek betuig my opregte dank en erkenning aan die leierskap van ons Agbare Minister, Dr Albert Kawana, die Agbare Adjunkminister en die Uitvoerende Direkteur vir hul onwrikbare ondersteuning en leiding tydens die ontwikkeling van hierdie Handves. U visie en toewyding het die proses gelei en was deurslaggewend in die vorming van die inhoud van hierdie Handves.

Ek wil ook my waardering uitspreek teenoor die Kantoor van die Eerste Minister wat onskatbare insette gelewer het deur te verseker dat ons Handves standaarde uiteensit wat ons dienslewering sal verbeter. U insigte en ervaring verseker dat hierdie Handves ooreenstem met ons doelwitte. Voorts was die kollektiewe pogings en samewerking van die hele senior bestuurspan

instrumenteel in die verfyning van die Handves. U konstruktiewe terugvoer, toewyding en spanwerk het bygedra tot die verwesenliking van hierdie Handves.

Ten slotte wil ek my hartlike dank uitspreek aan die toegewyde lede van die Kliëntediens handves en Besigheids Proses Herontwerp Komitee in die Ministerie wat onvermoeid gewerk het om ons visie en doelwitte in uitvoerbare stappe en duidelike verbintenisse om te sit. Ek is trots om deel te wees van hierdie dinamiese en toegewyde span, en ek is vol vertroue dat ons met sulke ondersteuning sal voortgaan om vordering te maak in ons pogings om ’n beter diens aan ons burgers te lewer.

Hierdie Handves is ’n bewys van ons as onderneming om te verseker dat almal die veiligheid, respek en waardigheid geniet wat hulle sogenaamd verdien. Hierdie dokument sal ons aksies rig, ons suksesse meet en uitwys waar ons kan groei en verbeter.

.....

RACHEL NGHIILWAMO
VOORSITTER: CSC- EN BPR-KOMITEE

Ministry of Home Affairs, Immigration, Safety and Security
2023 -11- 20
Deputy Executive Director
Administration & Refugee Management

HOËVLAK STELLINGS

Ons mandaat

Om binnelandse veiligheid te verseker deur die bestuur van interne aangeleenthede, die beskerming en ondersteuning van migrante, handhawing van wet en orde, asook die voorsiening van veilige en menslike bewaring, rehabilitasie en herintegrasie van oortreders.

Missie

Om interne veiligheid te verbeter deur die bestuur van die nasionale bevolkingsregister, fasilitering van migrasie, asook doeltreffende polisiëring en korrektiewe dienste.

Visie

Om die veiligste land ter wêreld te wees.

Leuse

Dien met uitnemendheid.

Sleutelwaardes

Sinergie	Waardeer spanwerk, doeltreffende kommunikasie en koördinering.
Etiek	Verskaf betroubare en gehalte diens met waardigheid, eerlikheid, vertroulikheid en integriteit
Doeltreffendheid	Streef daarna om meer met beskikbare hulpbronne te bereik, terwyl uitvoering maksimeer word.
Patriotisme	Toon liefde, ondersteuning en lojaliteit aan ons land.
Toeganklikheid	Kweek ’n kultuur van toegang tot inligting en dienste sonder vooroordeel.
Innovasie	Bevorder deurlopende verbetering deur navorsing oor tegnologiese vordering en bewysgebaseerde praktyke.
Kliëntgesentreerd	Dien met hoflikheid, beleefdheid, nederigheid, respek en hulpvaardigheid.

HIERDIE HANDVES

- Omskryf die dienste wat ons bied (wat ons doen).
- Definieer wie ons kliënte is.
- Weerspieël ons verpligtinge.
- Stel ’n standaard van dienste wat u te alle tye van ons kan verwag.
- Maak melding van wat ons sal doen as u ons kontak.
- Gee die versekering dat u mening tel.
- Dui aan wat ons van u verlang.
- Verduidelik hoe om vir ons terugvoering te gee en hoe om ’n klaag aan te meld as u nie tevrede is met ons dienste nie.

Die Ministerie van Binnelandse Sake, Immigrasie, Veiligheid en Sekuriteit bestaan uit die volgende kantore:

Kantoor van die Uitvoerende Direkteur

- Burgerlike Registrasie
- Immigrasiebeheer en Burgerskap
- Administrasie en Vlugtelingbestuur

Kantoor van die Inspekteur-Generaal: Namibiese Polisie Mag

- Kantoor van die Adjunkinspekteur-Generaal: Operasionele Dienste
- Kantoor van die Adjunkinspekteur-Generaal: Administrasie

Kantoor van die Kommissaris-Generaal: Namibiese Korrektiewe Diens

- Kantoor van die Adjunkkommissaris-Generaal: Korrektiewe Operasionele Dienste
- Kantoor van die Adjunkkommissaris-Generaal: Korporatiewe Bestuur
- Kantoor van die Adjunkkommissaris-Generaal: Rehabilitasie en Herintegrasie

A) BINNELANDSE SAKE EN IMMIGRASIE

1. WAT ONS DOEN

KANTOOR VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR

- Verskaf regsadvies en fasiliteer siviele eise en litigasie.
- Voorsien sekuriteitsdienste vir beide interne en eksterne omgewings van Binnelandse Sake en Immigrasie-kantore en assesseer die risiko's wat betrokke is.
- Help die Ministerie van Binnelandse Sake, Immigrasie, Veiligheid en Sekuriteit om sy doelwitte te bereik deur 'n sistematiese en gedissiplineerde benadering te lewer om die doeltreffendheid van die Ministerie se bestuur, risikobestuur en interne beheermaatreëls te evalueer en te verbeter.

DEPARTEMENT: BURGERLIKE REGISTRASIE

- Reik nasionale dokumente (IDs, huweliks-, geboorte- en doodsertifikate) uit.
- Bestuur die Nasionale Bevolkingsregister (geboorte-, ID-, huweliks- en doodsertifikate).

DEPARTEMENT: IMMIGRASIEBEHEER EN BURGERSKAP -

- Fasiliteer wettige migrasie.
- Verwerk aansoeke vir visums, permitte, paspoorte en burgerskap.

DEPARTEMENT: ADMINISTRASIE EN VLUGTELING BESTUUR

- Verskaf administratiewe ondersteuning en raadgewende dienste oor kwessies rakende menslikehulpbron bestuur, opleiding en ontwikkeling binne Binnelandse Sake en Immigrasie en om te verseker dat reëls en regulasies korrek verstaan, geïmplementeer en nagekom word.
- Verskaf IKT-dienste binne Binnelandse Sake en Immigrasie.
- Handhaaf omsigtige finansiële bestuur binne Binnelandse Sake en Immigrasie, in ooreenstemming met Wette en Regulasies wat Staatsfinansies beheer.
- Verskaf administratiewe ondersteunings dienste soos vervoer, aankope, voorraadbeheer, registrasie, huishoudelike dienste.
- Dien as ’n skakel tussen die Ministerie, die media, kliënte en die publiek.
- Verskaf beskerming en ondersteuning aan asielsoekers en vlugtelinge.

2. ONS KLIËNTE

- Lede van die publiek
- Private sektor
- Terugkerendes
- Staatlose persone
- Vlugtelinge en asielsoekers
- Media

- MHAISS Beamptes
- OMAs, RCs en SOEs
- Openbare, Private Sektor en NGOs
- Verskaffers
- Interne en Eksterne Belanghebbendes
- Buitelanders
- Toeriste

3. ONS ONDERNEMING AAN U

Ons verbintenis tot ons kliënte is die verskaffing van doeltreffende en gehalte dienste; en ons streef daarna om ons pligte uit te voer binne ons kernwaardes soos vroeër in hierdie dokument aangeteken.

4. ONS DIENSBELOFTE/ STANDAARDE

4.1. KANTOOR VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR

Afdeling: Regs Ondersteunings Dienste

Ons sal:

- Binne vyf (5) werksdae regsadvies aan beide interne en eksterne belanghebbendes oor regskwessies met betrekking tot die Ministerie verskaf.
- Kontrakte, ooreenkomste, MOUs binne een (1) maand en ander regsdokumente binne ses (6) maande opstel.
- Kontrakte binne veertien (14) werksdae hersien.
- Wetgewing hersien na die voorgeskrewe hersienings tydperke of wanneer die behoefte ontstaan.
- Doeltreffende litigasie-bestuursteun in ooreenstemming met die reëls van die hoërhof voorsien.

Tel +264 81 951 0756
E-pos: legal@mha.gov.na

Afdeling: Interne Oudit

Ons sal:

- Interne ouditdienste uitvoer in ooreenstemming met die Internasionale Professionele Praktyke Raamwerk, Regerings Regulerende Raamwerk, en beste praktyke.
- Konsultasie Dienste op aanvraag en soos ooreengekom verskaf.
- Aanstellings Brief tien (10) werksdae voor die ouditwerk begin, stuur.
- Finale ouditverslae binne tien (10) werksdae na ontvangs van die bestuur se reaksie uitreik.
- Gereeld opvolg met ouditkliënt se bestuur oor die status van die aanbevole implementering voor die ooreengekome tyd.
- Vergaderings hou met ouditkliënte voor en na afloop van die oudit.

Tel +264 81 951 0754
E-pos: InternalAudit@mha.gov.na

Afdeling: Sekuriteit en Risiko Bestuurs Dienste

Ons sal:

- Verdagte bewegings om die kantoor se omgewing daagliks monitor.
- Sekuriteits Bedreiging- en risiko-evaluerings op die kantore se infrastruktuur en werksaamhede volgens die assesserings plan uitvoer.
- Daagliks toegang tot die Ministerie se fasiliteite bestuur en beheer.
- Ondersoeke oor sekuriteit- en risiko-voorvalle binne sewe (7) dae na die dag van die voorval uitvoer en ’n volledige verslag binne een (1) maand by die Uitvoerende Direkteur se kantoor indien.
- Binne vyf (5) minute op noodgevalle reageer.

- Binne drie (3) maande sekuriteits ondersoeke op potensiële kandidate (tot en met graad 12) uitvoer.
- Daagliks met ander wetstoepassings agentskappe skakel en binne twee (2) werksdae daarop reageer.
- Die kantoor se bates beveilig en daagliks veiligheids advies verskaf.
- Skep sekuriteit en risiko bewustheid onder personeellede wanneer die behoefte ontstaan.

Tel +264 81 951 005
E-pos: Security.Risk@mha.gov.na

4.2. DEPARTEMENT: BURGERLIKE REGISTRASIE

Direktoraat: Nasionale Burgerlike Registrasie

Ons sal:

- Geboortes registreer en geboorte sertifikate binne een (1) werksdag uitreik, mits alle nodige dokumente aangeheg is.
- Laat geboortes registreer en ’n geboorte sertifikaat binne vyf (5) werksdae uitreik, mits alle vereiste dokumente aangeheg is.
- ’n Duplikaat van ’n geboorte sertifikaat binne een (1) werksdag uitreik.
- ID-kaarte binne vyf (5) werksdae in die Khomasstreek uitreik en binne tien (10) werksdae in die ander streke.
- Daagliks aansoeke vir veranderinge op nasionale dokumente verwerk en aanstuur.
- Duplikaat huwelik sertifikate binne een (1) werksdag uitreik.
- Sterftes registreer en dood sertifikate binne een (1) werksdag uitreik.
- Kwartaalliks uitreik programme hou oor die uitreiking van nasionale dokumente en wanneer die behoefte ontstaan.

Kontakte: Burgerlike registrasie streekkantore

Streek	Telefoonnommer	E-posadres
Oshana en Oshikoto	+264 65 228 800	oshana.oshikotocr@mha.gov.na
Ohangwena	+264 65 263 022	ohangwena.cr@mha.gov.na
Kavango-Oos and -Wes	+264 66 255 047	kavango.cr@mha.gov.na
Zambezi	+264 66 253 350	zambezi.cr@mha.gov.na
Erongo en Otjozondjupa	+264 67 302 184	erongo.otjozondjupacr@mha.gov.na
Khomas en Omaheke	+264 81 951 0752	khomas.omahekecr@mha.gov.na
Kunene en Omusati	+264 65 251 017	kunene.omusaticr@mha.gov.na
Hardap en // Kharas	+264 63 242 583	hardap.karascr@mha.gov.na

Tel +264 81 951 0118

E-pos: National.CivilRegistration@mha.gov.na

Direktoraat: Nasionale Bevolkingsregister, Identifisering en Produksie

Ons sal:

- **Geboorte rekords verander/ korrigeer:** name, van, geboorte plek, geslags beskrywing en ouers se besonderhede binne vyf (5) werksdae en ’n geboorte datum binne een (1) maand.
- **ID-rekords verander/ korrigeer:** name, van, geboorte plek, geslags beskrywing, foto, handtekening, burgerskap, oogkleur en lengte binne vyf (5) werksdae, en ’n geboorte datum binne een (1) maand.

- ’n **Van verandering** binne twaalf (12) maande aanbring, ná die publikasie daarvan in koerante, soos daar vereis word.
- **Aannemings** binne vyf (5) werksdae na ontvangs aanbring.
- **Huwelike** binne vyf (5) werksdae na ontvangs van dokumente van ’n huweliks beampte registreer.
- **Huwelik(s) rekords** binne vyf (5) werksdae wysig.
- **Laat sterfte registrasie** binne veertien (14) werksdae registreer op voorwaarde dat geen verdere ondersoeke vereis word nie.
- **Egskeidings** binne een (1) werksdag na ontvangs van hofbevele aanteken.
- **Sterfte Rekords:** geboorte datum, sterf datum, name, va, plek van dood, geslags beskrywing en huwelik status binne vyf (5) werksdae wysig.
- ’n **Afskrif** van ’n Suidwes-Afrikaanse ID binne vyf (5) werksdae uitreik.
- Binne vyf (5) werksdae **bevestigings briewe** uitreik oor die status van belangrike gebeurtenisse en identiteit.

Tel +264 81 951 0223 / 0009
E-pos: Civil.Registration@mha.gov.na/
Civil.Register@mha.gov.na / Identity.Management@mha.gov.na

4.3. DEPARTEMENT: IMMIGRASIE BEHEER EN BURGERSKAP

Direktoraat: Immigrasie en Grens Beheer

Ons sal:

- Te alle tye toegang, verblyf en uitgang van persone beheer.
- Enige uitgestelde of vermoedelike gevalle van onwettige buitelandse burgers binne twee (2) werksdae na ontvangs van kennisgewing ondersoek.
- Verlengings vir besoekers toegang permitte binne vyf (5) werksdae uitreik.
- Sertifikate van identiteit binne drie (3) maande uitreik.
- Onwettige immigrante in hegtenis neem en aanhou ingevolge die Wet op Immigrasiebeheer, 1993 (Wet nr. 7 van 1993).
- ’n Verhoor van die Immigrasie Tribunaal koördineer soos dit nodig is.

- Onwettige immigrante binne agt en veertig (48) uur of soos voorgeskryf in die Wet op Immigrasiebeheer, 1993 (Wet nr. 7 van 1993) deporteer.
- Gesamentlike werksaamhede met ander wetstoepassings agentskappe uitvoer sou die behoefte ontstaan.

Tel +264 81 951 0357

E-pos: Namibia.Immigration@mha.gov.na

Kontakte: Streeks Grensbeheer

Streek	Telefoonnommer	E-posadres
Khomas, Omaheke en Erongo	+264 81 951 0200	central.imm@mha.gov.na
Omusati en Kunene	+264 65 251 017	omusati.kuneneimm@mha.gov.na
Ohangwena, Oshikoto en Oshana	+264 65 240 3193	North.imm@mha.gov.na
//Kharas en Hardap	+264 63 222 115	karas.hardapimm@mha.gov.na
Otjozondjupa, Kavango-Oos en -Wes	+264 66 255 356	kavango.otjozoimm@mha.gov.na
Zambezi	+264 66 253 350	Zambezi.imm@mha.gov.na

Direktoraat: Visums, Permitte, Paspoorte en Burgerskap

Ons sal:

Visums en permitte as volg uitreik:

- Toegangs visum vir burgers van gelyste lande met aankoms.
- Vakansie/toeriste visums en transito visums binne vyf (5) werksdae.
- Werks visum (korttermyn indiensnemingspermit) binne vyf (5) werksdae.
- Werks permit binne twee (2) maande.
- Studie permit binne twee (2) maande.
- ’n Namibiese paspoort binne vyf (5) werksdae uitreik.

- Namibiese burgerskap uitreik:
- Deur afkoms: binne een (1) maand.
- Deur huwelik, registrasie en naturalisasie: binne drie (3) maande na ontvangs van ’n afstand doenings brief.
- Verlies en afstand doening van Namibiese burgerskap binne twee (2) maande na ontvangs van kennisgewing en herstel van Namibiese burgerskap binne ses (6) maande administreer.

Tel +264 81 951 0071
E-pos: citizenship@mha.gov.na

4.4. DEPARTEMENT: ADMINISTRASIE EN VLUGTELING BESTUUR

Direktoraat: Menslike Hulpbronne en Ondersteunings Dienste

Afdeling: Menslike Hulpbronne

Ons sal:

- Personeel lêers binne een (1) werksdag opdateer.
- Werwings proses binne drie (3) maande uitvoer.
- Binne een (1) maand na die voorval aandag gee aan wangedrag sake.
- Binne vyf (5) werksdae na ontvangs op griewe reageer.
- Inlywingsopleiding aan nuut aangestelde personeel lede binne een (1) maand vanaf die datum van diens aanvaarding onderneem en fasiliteer.
- Aansoeke oor mediese fonds, maatskaplike voorsorg, huislenings en GIPF binne een (1) werksdag verwerk, mits alle dokumente aangeheg is.
- Werknemers voordeeleise en maatskaplike voorsorgfonds eise binne een (1) werksdag verwerk mits alle dokumente aangeheg is.
- Welstandsessies volgens die goedgekeurde kalender hou.
- Aandag skenk aan psigososiale welstand gevalle sou die behoefte ontstaan.
- Diens beëindig binne een (1) werksdag na ontvangs van kennisgewing.

- Beleide op versoek van personeel lede dadelik of binne twee werksdae interpreteer indien ons nie onmiddellik ’n antwoord kan verskaf nie.
- Opleidingsbehoefte-ontleding (TNA) uitvoer na elke drie (3) jaar en/of wanneer die behoefte ontstaan.
- Die Menslike Hulpbron Ontwikkelings Plan elke drie (3) jaar en die opleidings kalender jaarliks hersien.
- Binne sewe (7) werksdae aandag skenk en terugvoering gee aan nie-kwalifiserende opleidings versoeke.
- Kwartaalliks aandag skenk aan kwalifiserende opleidings versoeke en binne vyf (5) werksdae na opleidings komitee vergadering terugvoer gee oor aansoek status.
- Bilaterale ooreenkomskursusse binne ’n dag na ontvangs sirkuleer.

Tel +264 81 951 0106/0105
E-pos: Human.Resources@mha.gov.na

Afdeling: Inligtings Tegnologie

Ons sal:

- Voldoende IT-hardeware/sagteware, stelsel- en netwerk infrastruktuur op die dag van diens aanvaarding voorsien.
- Binne een (1) uur reageer op alle voorvalle en diens versoeke.
- Daagliks en weekliks reserwekopieë en stelsel monitering uitvoer.
- Binne twee (2) werksdae na ontvangs IKT-toerusting opstel en konfigureer.
- IT-gebruik bewustheid vir personeel lede skep sou die behoefte ontstaan.
- Die Ministerie se netwerkwerk verrigting en alle verwante stelsels daagliks monitor.
- Op ’n jaarlikse basis, drie (3) maande voor die verstryking van sagteware lisensies, met die hernuwings proses begin.
- Binne een (1) werksdag op plaaslike tegniese kwessies reageer.
- Personeel lede binne een (1) maand vanaf die datum van implementering en/of versoek oplei oor nuwe toepassings.

- Die webwerf daagliks monitor en die webwerf weekliks opdateer, of binne ’n dag wanneer die behoefte ontstaan.

Tel: +264 81 951 0007
E-pos: IT.Division@mha.gov.na

Direktoraat: Finansies en Algemene Dienste

Afdeling: Finansies

Ons sal:

- Die ministeriële begroting binne die gegewe sperdatum opstel.
- Ministeriële uitgawes maandeliks monitor en bestuur.
- Maandelikse, kwartaallikse en jaarlikse verslae voorberei oor begrotings uitvoering.
- Nakoming van wetlike raamwerke verseker wat finansies en verkryging te alle tye rig of reguleer.
- DSA en salaris strokies binne twee (2) werksdae verwerk.
- Oortyd eise binne veertien (14) werksdae verwerk.
- Verlof gratifikasie binne twee (2) maande na ontvangs verwerk.
- Die invordering, veilige bewaring, deponering sowel as aantekening van verskillende bronne van inkomste wat daagliks verwerk word, verseker.
- Jaarlikse finansiële/ nakomingstate voorlê aan die Ouditeur-Generaal volgens voorgeskrewe tyd raamwerke en dit in dien.
- Betalings vir goedere en dienste verwerk; plaaslike betalings binne veertien (14) werksdae en buitelandse betalings binne een-en-twintig (21) werksdae afhandel.

Tel: +264 81 951 0068
E-pos: Finance@mha.gov.na

Afdeling: Algemene Dienste

Ons sal:

- Vervoer beskikbaar stel en toestemming om te reis binne een (1) werksdag uitreik.
- Lisensieskywe binne vyf (5) werksdae na die verstrykende maand insamel en nuwes versprei.
- Verlore brandstofkaarte binne twee (2) weke vervang.
- Verseker dat dienste en herstelwerk van voertuie binne twee (2) weke nadat die versoek ontvang is, uitgevoer word.
- Fakture vir finansiering binne twee (2) werksdae na ontvangs verifieer en in dien.
- Verseker dat poel voertuie aansoeke vir staats motorhuise en departemente binne vier (4) werksdae verwerk word, mits voertuie beskikbaar is.
- Inspekteer voertuie voor en na oorhandiging.
- Aankoop bestellings binne twee (2) werksdae na ontvangs van die goedgekeurde interne rekwisisie vorm verwerk.
- Tender dokumente binne een maand na die sluitings datum evalueer.
- Aankope komitee (PC) notules twee (2) dae voor PC vergadering versprei.
- Kantore daagliks skoonmaak.
- Jaarlikse voorraad opname uitvoer soos deur tesourie-instruksies voorgeskryf word.
- Voorraad op ’n daaglikse basis uitreik en bestuur.
- Maandelikse inspeksies doen oor die vordering van konstruksiewerk.
- Konstruksie van nuwe en opgradering van bestaande infrastruktuur volgens ministeriële strategiese plan en kapitaal projek ontwikkelings plan fasiliteer en geringe instandhouding binne een (1) maand uitvoer.

Tel: +264 81 951 0070

E-pos: General.Services@mha.gov.na

Afdeling: Openbare Betrekkinge

Ons sal:

- Media daagliks monitor.
- Inligting onmiddellik na goedkeuring uitreik.
- Binne twee (2) dae op media- en publieke navrae reageer.
- Te alle tye verhoudings met ons interne en eksterne belanghebbendes bou en handhaaf.
- Die goeie naam en beeld van die Ministerie te alle tye bevorder, beskerm en handhaaf.
- Kwartaalliks uitreik programme oor die werksaamhede van die Ministerie uitvoer.

Tel: +264 81 951 0064
E-pos: Public.Relations@mha.gov.na

Direktoraat: Vlugteling Bestuur

Ons sal:

- Beskerming en ondersteuning bied aan asielsoekers en vlugtelinge met hul aankoms in die land.
- Alle asielsoekers binne een (1) werksdag na aankoms in die land registreer.
- Statistieke data vir asielsoekers en vlugtelinge binne een (1) werksdag op versoek verskaf.
- Die verskaffing van ID-kaarte aan vlugtelinge binne veertien (14) werksdae en reis dokumente binne vyf (5) werksdae na ontvangs van aansoek fasiliteer.
- Deurlopend die identifisering en registrasie van staatloses en intern-ontheemdes (IDPS) koördineer.
- Die drie oplossings (plaaslike integrasie, vrywillige repatriasie en hervestiging na ’n derde land) op ’n kwartaallikse basis aanmoedig.

- Vrywillige repatriasie van Namibiese terugkerendes van ander lande binne twee (2) werksdae vanaf die datum van ontvangs van kennisgewing fasiliteer.
- Vrywillige repatriasie van vlugtelinge na hul land van herkoms binne een (1) maand vanaf die datum van ontvangs van kennisgewing fasiliteer.
- Binne ’n maand na aankoms onderhoude voer oor vlugteling status bepaling (RSD).
- Binne dertig (30) werksdae na indiening van aansoek terugvoer gee oor vlugtelingstatus.
- Asielsertifikate binne sewe (7) werksdae na oriëntering uitreik.
- Uitgangs permit uitreik aan asielsoekers en vlugtelinge om daagliks die ontvangsarea en nedersetting sentrum te verlaat.
- Inligting verskaf om toegang te verkry tot regs-, gesondheids- en onderwysdienste binne een (1) werksdag na aankoms.
- Voortdurend psigososiale ondersteuning aan asielsoekers en vlugtelinge bied.

Tel +264 81 951 0210 (Hoofkantoor)

Tel +264 67 306 314 (Osire)

E-pos: Refugee.Headoffice@mha.gov.na / Osire@mha.gov.na

B) NAMIBIESE POLISIEMAG

1. WAT ONS DOEN

Die Namibiese Polisie Mag is gestig in ooreenstemming met Artikel 118 van die Namibiese Grondwet en die Polisiewet 1990, (Wet nr. 19 van 1990) soos gewysig. Artikel 13 van die Wet sluit die volgende funksies in:

KANTOOR VAN DIE INSPEKTEUR-GENERAAL VAN POLISIE (IGP)

- Versamel, evalueer, ontleed en versprei inligting/ intelligensie.
- Verskaf regsadvies en fasiliteer siviele eise en litigasie.
- Bestuur internasionale betrekkinge en verskaf administratiewe, sekretariaat- en protokol ondersteunings dienste vir nasionale en internasionale geleenthede.
- Dien as die hoofskakel tussen die publiek en die Namibiese Polisiemag deur die korporatiewe beeld van die Mag te bevorder en te beskerm.

- Dien as die nasionale kontakpunt vir alle sake van die Internasionale Kriminele Polisie-organisasie (INTERPOL).

KANTOOR VAN DIE ADJUNK INSPEKTEUR-GENERAAL: OPERASIONELE DIENSTE (DIG OPS)

- Koördineer misdaad voorkomings aktiwiteite.
- Lewer lug ondersteunings dienste.
- Ondersoek en koördineer aktiwiteite wat met misdaad te doen het.
- Beskerm en beveilig die nasionale grense, noodsaaklike regerings infrastruktuur en territoriale waters.
- Beskerm nasionale en internasionale Baie Belangrike Persone.
- Verskaf IKT-ondersteunings dienste.
- Verskaf wetenskaplike oplossings vir probleme deur die ondersoek van bewyse en misdaad tonele.-
- Verseker padveiligheid.
- Ondersoek kriminele sake asook bewerings van wangedrag teen polisie beamptes.
- Voer hoërisiko-operasies uit.
- Beheer plofstof, behalwe by militêre aanlegte.

KANTOOR VAN DIE ADJUNK INSPEKTEUR-GENERAAL: ADMINISTRASIE (DIG ADMIN)

- Verskaf administratiewe ondersteuning en advies oor kwessies rakende Menslike Hulpbronne Bestuur, Beplanning en Ontwikkeling binne NamPol en om te verseker dat reëls en regulasies korrek verstaan, geïmplementeer en nagekom word.
- Verskaf administratiewe ondersteuning aan die Mag.
- Handhaaf omsigtige finansiële bestuur in ooreenstemming met wette en regulasies wat staats fondse beheer.
- Doen navorsing, koördineer beleids ontwikkeling, strategiese planne, evalueer prestasie en bestuur projekte.
- Verskaf en onderhou goedere en dienste.

- Verskaf psigososiale-, geestelike- asook gesondheids ondersteunings dienste, en spreek geslags ongelykheid in die Mag aan.
- Voorsien basiese en gevorderde sekuriteits- en polisiërings verwante opleiding.

2. ONS KLIËNTE

- Ontwikkelings vennote en NGOs
- Internasionale, Streeks- en Interregerings organisasies
- Media
- Lede van die publiek
- Verhoor afwagtendes
- NamPol personeel
- Kantore, Ministeries en Regerings agentskappe (OMAs)
- Streeksrade (RC) en Plaaslike Owerhede (LC)
- Ondernemings in Staatsbesit (SOEs) en private instellings
- Verskaffers/diensverskaffers

3. ONS ONDERNEMING AAN U

Ons onderneming aan ons kliënte is die verskaffing van doeltreffende en gehalte diens. Ons streef ook daarna om ons pligte uit te voer binne ons kernwaardes soos vroeër in hierdie dokument geïllustreer.

4. ONS DIENS BELOFTE/ STANDAARDE

4.1. KANTOOR VAN DIE INSPEKTEUR-GENERAAL VAN POLISIE

Kantoor van die Hoof Personeel Beampte

Ons sal:

- Verseker dat ons te alle tye voldoen aan internasionale vredes ondersteunings operasies (VN, AU en SADC) by ontvangs van uitnodiging of kennisgewing.
- Begin met beplanning, organisering en koördinering van alle logistiek vir nasionale en internasionale geleenthede binne ’n dag na ontvangs van kennisgewing.
- Protokol dienste voorsien aan buitelandse en plaaslike hooggeplaastes soos voorgeskryf in die protokol riglyne.
- Toesprake skryf en korrespondensie voer op versoek of ontvangs van kennisgewing.
- Binne twee (2) dae na ’n vergadering, notules opstel en verseker dat rekords gedeel word met die betrokke kantore.
- NamPol-jaarverslae op ’n jaarlikse basis opstel en publikasie binne die tweede kwartaal van elke finansiële jaar verseker.
- Te alle tye administratiewe ondersteuning aan die Kantoor van die IGP verskaf.

.

Tel: +264 61 209 3282/3876/3231

Faks: +264 61 228 533 / E-pos: IGP@nampol.na

Direktoraat: Polisie-intelligensie

Ons sal:

- Insameling van inligting/ intelligensie binne ’n dag na ontvangs of opsporing, begin.
- Daagliks misdaad ontleding doen oor nasionale misdade wat kommerwekkend is.
- Gespesialiseerde ondersoeke binne ’n dag en op versoek begin.
- Te alle tye databasisse oor misdadigers, vermeende misdadigers, gesoekte voort vlugtiges en veroordeelde oortreders in stand hou.
- Maandeliks ontledings vir sekuriteits bedreigings uitvoer en verskaf.
- Veiligheids inligting onmiddellik na ontvangs met ander belanghebbendes deel.
- Alle diensversoeke verwerk en terugvoer wat vereis word deur Namibiese polisie beamptes wat as polisie-attachés by buitelandse missies ontplooi is, binne drie (3) werksdae na ontvangs aan die betrokke kantore stuur.
- Te alle tye betrekkinge met sekuriteits attachés wat in Namibië diens doen, handhaaf.
- handhaaf-te alle tye betrekkinge met sekuriteits attachés aanhangers wat na Namibië gepos is (in stand hou)

Tel +264 61 209 3391 / Faks +264 61 400617
E-pos: pid@nampol.na

Direktoraat: Regs Dienste

Ons sal:

- Verseker dat die hersiening van rade en verhore binne twee (2) werksdae afgehandel word.
- Lede van die mag op ’n kwartaallikse basis oor wetlike aspekte sensitiseer.
- Te alle tye advies van die kantoor van die Prokureur-Generaal inwin oor regs aangeleenthede.

- Deurlopend regsadvies aan NamPol lewer of wanneer ’n behoefte ontstaan.
- Aandag skenk aan NamPol-lede se griewe soos voorgeskryf in Regulasie 31 ingevolge die Polisiewet, 1990 (Wet nr.19 van 1990).
- Binne vyf (5) werksdae na ontvangs, dissiplinêre aksie, skorsing en geskiktheid verrigtinge hersien soos voorgeskryf in die polisiewet, 1990 (Wet nr.19 van 1990) soos gewysig.
- Konsep Kontrak Ooreenkomste en MOUs binne ’n maand en ander regs dokumente binne ses (6) maande formuleer.
- Wetgewing na die voorgeskrewe hersienings tydperke hersien of wanneer ’n behoefte ontstaan.
- Dien op verskeie staande rade, komitees en tydelike werkgroepe soos vereis wanneer ’n behoefte ontstaan.

Tel +264 61 209 3308 / Faks +264 61 220 621
E-pos: legalservices@nampol.na

Afdeling: Openbare Betrekkinge

Ons sal:

- Openbare inligting so gou as moontlik na ontvangs versprei.
- Kommunikasie en publikasie materiaal op ’n kwartaallikse basis ontwikkel of soos die behoefte ontstaan.
- Polisie verwante gebeure op versoek dek en te alle tye argief materiaal versamel.
- Gemeenskaps uitreik/ bewusmakings programme op ’n kwartaallikse basis uitvoer of soos die behoefte ontstaan.
- Media verslae deurlopend monitor en binne vyf (5) werksdae terugvoer deur middel van verskeie media platforms gee.

Tel**:** +264 61 209 3286/3470/3378/3894 / Faks: +264 61 22 0621
E-pos: PR@nampol.na

Afdeling: Interpol-NCB Windhoek

Ons sal:

- Binne sewe (7) werksdae skakel en koördineer oor binnelandse en buitelandse misdaad verwante sake wat internasionale steun en ondersoeke vereis.
- Die uitruil van inligting en intelligensie binne 24 uur met ander INTERPOL-lidlande, die Algemene Sekretariaat en belanghebbendes volgens INTERPOL Kwaliteit Standaard 19 fasiliteer.
- Tweejaarliks bewustheid oor INTERPOL se polisiërings vermoëns met ons interne en eksterne belanghebbendes deel.
- Binne 24 uur na ontvangs van ’n versoek, voortvlugtiges opspoor en monitor, en die uitlewerings proses koördineer.
- Deurlopend en binne 24 uur intelligensie aan belanghebbendes versprei.
- INTERPOL, AFRIPOL, SARPCCO en SADC Statutêre vergaderings, konferensies, slypskole, opleidings aktiwiteite volgens uitnodiging koördineer.
- Te alle tye streeks- en internasionale gesamentlike werksaamhede met nasionale belanghebbendes op versoek koördineer en uivoer.
- Elke maand gespesialiseerde streeks opleiding doen.

Tel: +264 61 209 3269/3270 / Faks: +264 61 246 617
E-pos: ncbWindhoek@nampol.na

4.2. KANTOOR VAN DIE DIG-OPS

Direktoraat: Misdaad Voorkoming

Ons sal:

- Misdaad voorkomings operasies kwartaalliks of wanneer die behoefte ontstaan fasiliteer.
- Misdaad bedreigings kwartaalliks ontleed.

- Streeks misdaad voorkomings verslae binne ’n dag na ontvangs ontleed en binne twee (2) werksdae advies verskaf.
- Die publiek nooi om jaarliks hand vuurwapens en ligte wapens in te gee of wanneer die behoefte ontstaan.
- Deurlopend die nasionale vuurwapen data basis in stand hou.
- Vuurwapens registreer en binne drie (3) maande na ontvangs van ’n aansoek, ’n lisensie uitreik.
- Die aktiwiteite van nasionale Gemeenskaps Polisiërings Forums te alle tye koördineer.
- Gemeenskaps Polisiëring Bewusmakings Veldtogte te alle tye fasiliteer of wanneer ’n behoefte ontstaan.
- Die aanstelling van Polisie Reserviste binne ses (6) maande na ontvangs van aansoek fasiliteer.
- Verseker dat Polisie Reserviste vir ses (6) maande vanaf die datum van aanstelling werksopleiding begin en prestasies maandeliks monitor.

Tel: +264 61 209 3526 / Faks: +264 61 220 621
E-pos: crimeprevention@nampol.na

Direktoraat: Kriminele Ondersoeke

Ons sal:

- ’n Voorlopige ondersoek binne ’n dag na ontvangs van ’n dossier uitvoer.
- Misdaad ondersoeke binne die volgende tyd raamwerk finaliseer:

Aard van dossiere	Omstandighede	Samestellingstyd van dossiere
Geringe oortredings	Waar klaer en beskuldigde bekend en beskikbaar is	7 dae
	Waar beskuldigde nie bekend en nie beskikbaar is nie	14 dae

Matige oortredings	Waar beskuldigde en klaer bekend en beskikbaar is	14 dae
	Waar beskuldigde nie bekend en nie beskikbaar is nie	28 dae
Ernstige oortedings	Waar klaer en beskuldigde bekend en beskikbaar is	2 maande
	Waar beskuldigde nie bekend en nie beskikbaar is nie	4 maande

- Misdaad Statistieke op ’n maandelikse, kwartaallikse en jaarlikse basis saamstel.
- Misdaad Statistieke op ’n weeklikse, maandelikse en jaarlikse basis ontleed.
- Maandeliks aan klaer terugvoer gee oor ondersoeke.
- Herwinning van bates binne vyf (5) werksdae en bestuur van bates deurlopend finaliseer.
- Diamante binne ’n dag na ontvangs van die versoek verifieer, verseël en vergesel.
- Te alle tye sekuriteitsklaring vir beperkte diamant areas op versoek uitvoer.
- Tweedehandse goedere sertifikate binne ’n maand en enjin en onderstel nommers aan tweedehandse motors en sleepwaens binne een (1) werksdag uitreik.
- Insameling van inligting/ intelligensie binne ’n dag na ontvangs of opsporing begin.
- Maandeliks inspeksies op tweedehandse goedere handelaars en skrootwerwe doen.

Tel: +264 61 209 3252 / Faks: +264 209 3287
E-pos: cid@nampol.na

Direktoraat: Namibiese Polisie Instituut vir Forensiese Wetenskaplike Ondersoeke

Ons sal:

- Die oorledene se liggaam binne ’n dag van die toneel verwyder.
- Binne ’n dag die identifisering van die liggaam fasiliteer en die kennisgewing van dood verwerk.
- Lykskouing vir onnatuurlike dood binne vyf (5) werksdae doen.
- Monsters vir wetenskaplike ontleding binne ’n dag na kennisgewing versamel.
- Hofverrigtinge bywoon om te alle tye getuienis op versoek te verskaf.
- Vingerafdrukke binne tien (10) werksdae ontleed.
- ’n Gedrag sertifikaat binne vyf (5) werksdae uitreik.
- Te alle tye bewyse op die misdaad tonele versamel.
- Binne drie (3) maande forensiese ontledings uitvoer en verslae lewer.
- Binne sewe (7) werksdae kalibrasie en bekragtiging sertifikate van gifstowwe uitvoer en uitreik; en
- Te alle tye wetenskaplike advies en opleiding op versoek of wanneer behoefte ontstaan, verskaf.

Tel: +264 61 209 4800 / Faks: +264 61 220 621
E-pos: NPFSI@nampol.na

Direktoraat: Lug Ondersteunings Dienste

Ons sal:

- Aandag skenk aan lugdiens versoeke:
- Binne een (1) uur in Windhoek
- Binne twee (2) ure in ’n omtrek van 100 kilometer van Windhoek
- Binne nege (9) ure in ’n omtrek van 1000 kilometer van Windhoek
- Lug vervoer dienste te alle tye op versoek lewer.



Tel: +264 61 209 3571 / Faks: +264 61 224 288
E-pos: assd@nampol.na

Direktoraat: Grens en Infrastruktuur Beskerming

